## ***ELJADA HUIS MSW***

MAATSKAPPY SONDER WINSOOGMERK

24 Oktober 2013

Dagsê Almal

ŉ Eljada Huis uitnodiging om Saterdag 2 November 2013 van 9 tot 1 saam met ons te kom kuier by die GK Rietvallei se kerkterrein waar ons werklik pragtige handgemaakte produkte gaan verkoop ten bate van elkeen wat ondersteuning ontvang. Die kontant sal aangewend word om by te dra tot hul eie ondersteuning tydens die feestyd wanneer die huis gesluit gaan wees vir 5 weke. Almal het hard gewerk om dit moontlik te maak en ons wil ook op die manier dankie sê aan ons Skepper vir al die seëninge en genade wat ons weereens die afgelope jaar so mildelik ontvang het. ***NB!! Toegang is een blikkie vleis en/of groente – houers sal by ingang wees.***

Ek wil ook weereens met vrymoedigheid ons afwendbare krisis rondom finansies onder jul aandag bring. Almal is bewus van die prysverhogings rondom ons en dit knyp baie aan ons bankbalans. Indien ons die mikpunt van 1000 x R50 maandelikse bydraes kan bereik sal dit in die nuwe jaar vir my moontlik wees om die werkskeppingsprojekte behoorlik van die grond af te kry. Die doel van die aanbouings wat in proses is, is juis om ruimte te skep waar meer ondersteuning aan die swaarkry-mense gebied kan word deur werkskeppingsprojekte soos groenteverwerking, maak van biltong, naaldwerk en ander. Ons wag net vir die finale goedkeuring van die bouplanne dan kan die dak opgesit word waar die eerste fase reeds gebou is agter die kombuis. Dit is vir stoorplek en die oopplan eet/werkplek agter die kombuis. Die volgende fase gaan die verbreding van die voorstoep wees wat baie gaan bydra om die naaldwerkprojek makliker te maak. Almal wat al kom kuier het, kan vertel hoe die twee vertrekke – gewone slaapkamers – omskep is in naaldwerk kamers. Die een vertrek het ses naaimasjiene in, wat heeldag gons soos daar gewerk word en die ander drie masjiene moet dan in die bybellees lokaal uitgepak en weggepak word soos nodig. Kuiergaste van Hartbeespoortdam het hierdie week gesê dit is wonderlik om te luister na die gegons van die masjiene en stemme soos daar gewerk word. Dit terwyl ons drie met kussings en ander goed, waarvoor ek nie stoorplek het nie rondom ons op die punte van die stoele sit en gesels – GROOT verleentheid vir my maar ons laat ons deur niks onderkry nie. As ek nou daaraan terugdink kry ek so ŉ laggie met ŉ traan want dit was eintlik baie snaaks maar daar is beslis ruimte vir groot verandering.

Ek wil weereens baie dankie sê vir elkeen wat so getrou hierheen kom met kos, klere en ander lewensmiddele asook die finansiële ondersteuning. Die nood raak daagliks groter. Maandag het ŉ man ingeval en die onbeskryflike dankbaarheid in sy oë vir die Woord, kos, ŉ warm stort en klere bring trane in my eie oë van dankbaarheid dat ons Skepper en julle dit vir my moontlik maak om te kan help.

Sien julle Saterdag

Annatjie

*****************************************************

ŉ Kort lysie van dringende behoeftes:

- Eljada Huis – tuinstoele en voedselverwerker/menger, waaiers, alle soorte bottels, appelbokse, skoendose, roomys en margarien bakkies, los kaste en tafels.
- Jenny – strykplank en koningin-grote duvet inner
- Ivon – Strykplank, waaier en yskas
- Sonja – blikoopmaker, waaier, strykyster en yskas
- Bernadine – enkelbed vir een van haar kinders wat op die vloer slaap
- Margaret – Strykyster, strykplank, enkel bed, yskas en broodrooster
- Marie – sitkamerstel, los stoele vir kombuistafel, los matte, yskas en broodrooster
- Hettie – Strykyster, strykplank, yskas en enkelbedmatras.
- Petro – R2400 vir haar tande en R350 vir haar bril.

****************************************************

Ons KOSNOOD is;

- AANMAAK KOELDRANK
- KOS – Blikkies vleis, vis en groente, soja, rys, macaroni en spaghetti, koffie, tee, boksmelk, suiker, broodsmere soos margarien, konfyt, stroop, grondboontjie botter, bovril, kookolie, kitsontbytkos en eiers.
- Toiletware – toiletpapier, badseep, sjampoe, aanrol en spuitgoed.

---

**Bankbesonderhede**
**Eljada Huis, Standard Bank, Montana, Marketlink spaar, 044396058, kode 051001**